Kenners verwag geen verrassings

Slaagsyfer soos in 2008 verwag

Alet Rademeyer

JOHANNESBURG. – Onderwyskenners se gevoel oor 2009 se landwye matriekuitslae is dat dit geen verrassings opgelewer het nie en dat daar ook niks is om oor opgewonde te raak nie.

Hulle voorspel geen noemenswaardige verandering nie in die gemiddelde slaagsyfer wat in 2008 62,5% was.

Minder heeltydse kandidate (580 577) het in 2009 die eksamen afgelê as die 588 643 in 2008.

Dit is opvallend dat heelwat minder kandidate as in 2008 sewe en agt onderskeidings behaal het.

Vir kandidate in Mpumalanga was dit 'n suur dag, omdat hul uitslae nie deur Umalusi, die raad vir gehalte-versekering in algemene onderwys en opleiding, vir uitreiking goedgekeur is nie.

Die uitslae word weerhou totdat omvattende verslae oor moontlike ongerymdhede ná die uitlek van vyf vraestelle bestudeer is.

Mnr. Graeme Bloch, onderwysspesialis by die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika, het gesê dit sou hom bekommer het as die gemiddelde persentasie van 2009 se uitslae baie hoër was. " 'n Daling in die slaagsyfer is egter ook kommerwekkend."

Bloch het gesê die land behoort nie so tekere te gaan oor statistieke rondom die slaagsyfer nie en die fokus moet eerder val op hoe die hele stelsel vernuwe kan word.

Hy het voorts gesê terwyl ook aangegaan word oor 'n daling in standaarde, moet eer gebring word aan kandidate wat hard gewerk en hul uitslae verdien het.

Prof. Sarah Gravett, dekaan van opvoedkunde aan die Universiteit van Johannesburg, het ook voorspel dat die uitslae min of meer dieselfde gaan wees in die lig van aanduidings dat kandidate vakke soos wiskunde en fisiese wetenskappe moeiliker gevind het.

Sy het gesê dit is onrealisties om drastiese veranderinge te verwag, omdat ingrypings om leerlinge se geletterdheid en gesyferdheid te verbeter op laer vlakke is en dit tyd sal neem om deur te syfer.

Prof. Irma Eloff, dekaan van opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria (UP), het gesê dit is noodsaaklik dat die klem op die deurvloeisyfer eerder moet verskuif na die gehalte van onderrig.

Sy het gesê as topkandidate vanjaar minder goed vaar, kan dit positief wees in die sin dat die vraestelle hoër eise aan hulle gestel het wat hulle beter vir universiteit voorberei.

Prof. Elda de Waal, onderwyskenner verbonde aan die Noordwes-universiteit, het gesê daar is 'n baie groot probleem rondom die geloofwaardigheid van die totale eksamenproses en "hoewel dit lyk of owerhede meer deursigtig wil wees, weet 'n mens nie meer wat om te glo nie".

De Waal het verwag dat 2009 se uitslae dié van 2008 sal ewenaar.

Sy het egter 'n dringende beroep op Umalusi gedoen om meer inligting bekend te maak oor die standaardiseringsproses en die op- en afwaartse aanpassing van vakke.

Uit die 57 vakke wat gestandaardiseer is, is 41 se onverwerkte punte behou, terwyl ses af- en tien opwaarts aangepas is.

"Hierdie berig is n presiese weergawe van die berig wat in die koerant verskyn het. Regstellings rakende die berig is moontlik n□ die publikasie daarvan gedoen. Soek asseblief in die argief en/of ander nuusbronne vir moontlike regstellings om die nuutste inligting te bekom."